Skrifgedeelte: Johannes 4:27-42

Teksverse: Johannes 4:30 en 39

Tema: Deel jou geloof deurdat jy ontmoetings reël tussen Jesus en mense!

Vanoggend gaan ons na `n vroue predikant luister...of eerder, ons gaan na haar kyk! Ons gaan na haar kyk en iets besonders by haar leer oor sending werk en die praktiese uitleef van ons kosbare geloof in Jesus Christus. Sy gaan ons leer hoe om dit te doen wat vir ons as gereformeerdes al vir soveel jare laat sukkel en wat nie vir ons maklik is nie. Sy het heelwat ondervinding - nie noodwendig in sendingwerk nie, maar in die lewe. Haar naam is: Die Samaritaanse Vrou!

Dit is presies wat hierdie Samaritaanse vrou gedoen het na haar ontmoeting met Jesus Christus by die put van Jakob: sy het die mense gaan vertel van haar ontmoeting met die Messias. Sy kon ook eenvoudig nie anders nie, want as jy in aanraking kom met die lewende God van hemel en aarde wat persoonlik in jou lewe inspreek, kan jy nie anders nie as om van Hom te vertel nie. Sy liefde oorrompel jou en Sy Heilige Gees beweeg jou om nie stil te bly nie, maar om te praat en te getuig van dit wat Hy in jou lewe doen.

Juis dit is die kern van die les wat hierdie vroue predikant van Samaria ons leer: geloof word aangesteek en nie geleer nie, of soos die Engelse sê: *faith is rather caught than taught.* Geloof word nie geleer wanneer jy ander mense met Bybelversies oorval en toegooi nie, maar wanneer jy bloot praat oor dit wat die Here in jou lewe doen. Geloof word "gevang" wanneer ek ander mense vertel van hoe die Here my in my stukkende, sonde-belaaide, lewe kom haal het en my gewas het in die bloed van Jesus Christus en hoe ek in Sy opstanding deel omdat Hy aan my die geloof gegee het. Geloof is persoonlik, baie persoonlik, maar dit is nie privaat nie!

Tog was hierdie vroue predikant van Samaria nie die eerste gelowige wat só gewerk het nie. Trouens, sy is deel van `n lang tradisie van gelowiges wat op hierdie manier hulle geloof met die mense rondom hulle gedeel het. `n Tradisie waarin ek en jy ingelyf was die dag toe ons tot geloof in Jesus Christus gekom het.

Een van die eerste kere wat ons van hierdie manier van evangelisasie hoor, is in 2 Konings 5 waar `n dogtertjie vir die belangrike Naäman wys na Elisa. Hierdie dogtertjie, ons het nie eers haar naam nie, het vir Naäman, nadat hy met melaatsheid gediagnoseer was, na Elisa, `n man van God, gewys bloot deurdat sy oor haar eie ervaring gepraat het. Later hoor ons dat daar in Sagaria 8 `n profesie gegee word dat daar `n tyd kom dat tien mense uit die heidennasies `n Jood aan die pante van sy klere sal gryp en met hom sal wil saamgaan, omdat hulle gehoor het dat God met hulle is.

En dan, wanneer ons Here Jesus Christus met Sy bediening begin, hoor ons hoe Andreas, Simon Petrus se broer, vir Simon gaan soek en vir hom sê: "Ons het die Messias gekry!". Net daarna gaan Filippus en sê vir Natanael om hom te volg, want hulle het Hom gekry oor wie die Wet en die profete geskrywe het. En dan sê Jesus vir Natanael, "Hier is `n ware Israeliet, `n man in wie daar geen bedrog is nie." En dan vra Natanael vir Jesus hoe Hy dit weet en dan sê Jesus vir hom dat Hy hom gesien het toe hy nog onder die vyeboom gesit het. Dan kan Natanael nie anders nie as om te sê: "U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!"

Net so ook Matteus. Nadat ons Here hom roep om Hom te volg en hy tot bekering kom, reël hy `n ete saam met en tussen sy tollenaar en sondaar-vriende en Jesus en sy dissipels aan die ander kant.

En dan, na Christus se opstanding hou die gelowiges aan om op hierdie manier, in huise tussen mense, die evangelie te deel deur te vertel wat Jesus in hulle persoonlike lewe gedoen het. Ons hoor in Handelinge 10 van Kornelius, die kaptein van die Italiaanse regiment, wat die mense in sy huis bymekaar maak om te luister wat Simon Petrus hulle van Jesus Christus kan vertel. Laastens hoor ons van Lidia in Handelinge 16 wat saam met haar gesin tot geloof in Jesus Christus kom en wat die apostels innooi om by haar oor te bly.

En vandag deel ek en jy in hierdie wonderlike gebruik om mense na Jesus Christus toe te lei deurdat ons ontmoetings tussen Jesus Christus en hierdie mense reël en al wat ek en jy moet doen, is bloot om te praat oor dit wat Jesus Christus in my en jou lewe doen. Hoe die Vader elke dag vir ons sorg en dat Hy deur Jesus Christus my Vader is. Hoe die Heilige Gees my lei en bystaan in moeilike tye en dat die Heilige Gees dit doen omdat Jesus Christus Hom gestuur het om ons nie as weeskinders agter te laat nie. Bloot net praat oor dit wat die Here in jou en my lewe doen.

Dit is die Heilige Gees wat oortuig. Dit is die Heilige Gees wat hulle sal bring om juis dan na die Woord te soek en daar, in die Woord, van aangesig tot aangesig met die lewende Woord, Jesus Christus te kom! Dit is wat so wonderlik is en wat ons by hierdie Samaritaanse vrou kan leer: op die einde het sy net die gesprek gereël deur te praat van dit wat die Here in haar lewe gedoen het, die mense het tot geloof gekom op grond van die woorde van Jesus Christus self!

Die vraag is egter: hoe begin ek om hierdie ontmoetings te reël? Mens begin daar waar God jou geplaas het: by die mense naaste aan jou, soos jou familie of jou huisgesin. Om bloot net met jou ouers, kinders, grootouers te praat oor dit wat die Here in jou lewe doen. Om saam met hulle te oefen hoe om oor geloof te praat en hoe om die werk van die Here in jou lewe raak te sien en dit te erken.

Daarom dat ons God ons in gesinne - en in die besonder in verbondsgesinne! - geplaas het. Dit is daar waar ons as ouers ons verbondsbeloftes nakom deurdat ons ons kinders vertel wat die Here in ons lewe doen, wat ons leer hoe om met ander mense te praat oor dit waarmee die Here in my lewe besig is. Hoe groot is ons Here se genade nie? Nie net laat Hy ons deel in hierdie wonderlike voorreg om sy evangelie te deel nie, Hy rus ons ook toe deur die Heilige Gees en deur ervaring wat ons opdoen wanneer ons oor die werk van die Here in ons lewe met ons geliefdes praat.

Deel daarom in die wonderlike uitbreiding van die evangelie boodskap deurdat jy ontmoetings reël tussen Jesus en mense!

Amen